NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur | 200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2021

VRAAG 1 VOORRAAD EN BTW [43 punte; 25 minute]

DEEL A

Pro Model Skaatsplanke verkoop een tipe skaatsplank aan plaaslike winkels. Hulle gebruik die EIEU-metode om voorraad te waardeer en die periodieke voorraadstelsel. Die onderneming word deur Jean-Marc Johannes besit.

INLIGTING

Die inligting hieronder verskyn in die rekords van Pro Model Skaatsplanke vir die jaar geëindig 30 Junie 2019. Die onderneming gebruik 'n vaste verkoopsprys van R3 375 per eenheid.

	Getal eenhede	Waarde per eenheid	Totale waarde
		R	R
Skaatsplanke voorhande op 1 Julie 2018	60	?	120 000
Skaatsplanke gedurende die jaar gekoop	630		1 303 000
September 2018	250	1 900	475 000
Januarie 2019	200	2 250	450 000
Mei 2019	180	2 100	378 000
Skaatsplanke teruggestuur vanaf Januarie 2019	5	?	?
Skaatsplanke gedurende die jaar verkoop	450	?	?
Skaatsplanke voorhande op 30 Junie 2019	?	?	?

IEB Copyright © 2021

DEEL B

Marvellous Marvin Music Mania het jou van die volgende inligting voorsien en jou gevra om die BTW-tabel te voltooi om die BTW-bedrag **betaalbaar aan/ontvangbaar van** SAID te bepaal. BTW word op die faktuurbasis bereken. BTW word teen 15% bereken.

Marvellous Marvin Music Mania gebruik 'n winsgrens van 25% op koste.

INLIGTING

1. Die saldo op die BTW-kontrolerekening op 1 Junie 2018 was R1 300. Hierdie BTW was aan Marvellous Marvin Music Mania verskuldig.

2. Die totaal van die kredietaankope van handelsvoorraad was R78 200, BTW ingesluit.

3. Die eienaar, Marvin, het handelsvoorraad aan 'n plaaslike kinderhuis geskenk. Die verkoopsprys (BTW ingesluit) van die instrumente was R13 800.

4. Handelsvoorraad is gekoop vir R81 000 kontant, BTW uitgesluit.

5. 10% van die totale kredietaankope is gedurende die maand teruggestuur.

6. Korting op 'n geweierde tjek is omgeswaai. Die totale bedrag verskuldig was R713, BTW ingesluit. Die tjek was vir R690.

7. Oninbare skuld wat afgeskryf is, het R13 455 beloop.

8. Goedere wat verkoop is, BTW ingesluit, was R92 000 vir kontant en R103 500 op krediet.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 KONTANTVLOEISTAAT [57 punte; 35 minute]

Jy word voorsien van inligting en 'n gedeeltelik voltooide kontantvloeistaat met betrekking tot Buigsaam Beperk. Die finansiële jaareinde is op 30 Junie 2019. Die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy is 500 000 gewone aandele. Nuwe aandele is op 1 Julie 2018 uitgereik.

INLIGTING:

A. Die volgende inligting is op 30 Junie 2019 uit die finansiële state onttrek:

Balansstaat	**2019**	**2018**
Gewone aandeelhouersbelang	5 507 600	4 920 000
Gewone aandelekapitaal	4 296 000	3 960 000
Behoue inkomste	1 211 600	960 000
Grond en geboue	5 528 000	8 278 000
Toerusting teen kosprys	840 000	600 000
Opgehoopte waardevermindering	?	270 000
Lening (16%)	560 000	1 300 000
SAID (Inkomstebelasting)	(Kt.) 18 000	(Dt.) 12 800
Aandeelhouers vir dividende	106 400	77 000
Inkomstestaat	**2019**	**2018**
Rente op lening	?	104 000
Netto wins na belasting	434 000	588 000
Belasting	?	252 000

B. Bykomende inligting:

1. Toerusting wat op 30 Junie 2016 vir R80 000 gekoop is, is op 31 Desember 2018 vir kontant verkoop teen drawaarde. Nuwe toerusting is op 1 Februarie 2019 gekoop. Waardevermindering word afgeskryf teen 15% p.j. op kosprys.

2. 'n Leningterugbetaling is op 1 April 2019 op die lening gedoen.

3. Daar is geen opgelope of vooruitbetaalde bedrae vir rente nie. Rente op die lening word nie gekapitaliseer nie.

4. 75% van die gemagtigde aandelekapitaal is uitgereik.

5. Belasting vir 2019 is bereken teen 30% op netto wins.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 3 MAATSKAPPYE [67 punte; 40 minute]

Hierdie vraag het 'n DEEL A en 'n DEEL B – **die twee dele is onafhanklik van mekaar**.

DEEL A

INLIGTING

Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) op 28 Februarie 2019:

	2019	**2018**
Rente op lening	309 600	846 800
Netto wins na belasting	2 012 800	1 976 000

Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2019

	2019	**2018**
Aandeelhouersbelang	?	14 896 000
Gewone aandelekapitaal	17 166 000	?
Behoue inkomste	?	304 000
Lening: Nedbank (11% p.j.)	2 767 000	7 680 000

Aandelekapitaal:

1. Op 1 Maart 2018 het die maatskappy 3 040 000 uitgereikte aandele gehad.

2. Op 1 Junie 2018 is 120 000 aandele teruggekoop teen R5,20 per aandeel.

3. Op 31 Oktober 2018 is 'n verdere 450 000 aandele uitgereik.

4. Alle aandeelhouers (aandele wat aan die einde van die jaar uitgereik is) was geregtig op 'n finale dividend van 44c per aandeel. Geen tussentydse dividende is gedurende die jaar betaal nie.

IEB Copyright © 2021

DEEL B

Die volgende inligting het op Volkome Visie Beperk betrekking vir die jaar geëindig 31 Desember 2018. Volkome Visie Beperk koop en verkoop leesbrille.

INLIGTING

PROEFBALANS VAN VOLKOME VISIE BEPERK OP 31 DESEMBER 2018		
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING		**R**
Gewone aandelekapitaal (790 000 aandele)		600 000
Behoue inkomste (1 Januarie 2018)		325 000
Grond en geboue		2 114 451
Lening: Nedbank		380 000
Voertuie		420 000
Opgehoopte waardevermindering: Voertuie		153 000
Toerusting		616 000
Opgehoopte waardevermindering: Toerusting		341 000
Debiteurekontrole		69 200
Krediteurekontrole		49 320
Voorsiening vir oninbare skuld		3 220
Handelsvoorraad		145 000
SAID: Inkomstebelasting (Dt.)		175 000
SAID: LBS		19 200
Werkloosheidversekeringsfonds (WVF)		2 900
NOMINALE REKENINGE-AFDELING		
Verkope		4 690 400
Koste van verkope		3 752 320
Wins op verkoop van bate		12 500
Diverse uitgawes		31 000
Bankkoste		4 900
Ouditgelde		41 480
Direkteursgelde		576 000
Salarisse en lone		528 085
Werkgewersbydraes (WVF en pensioen)		108 000
Huuruitgawe		63 360
Oninbare skuld		3 620
Waardevermindering op voertuig verkoop		18 210
Dividende op gewone aandele (tussentyds)		96 000

IEB Copyright © 2021

AANSUIWERINGS EN BYKOMENDE INLIGTING

1. Op 29 Desember het R Green, 'n debiteur, 'n beskadigde bril teruggestuur. Die verkoopsprys was R1 900 en die winsgrens was 25% op kosprys. Volkome Visie Beperk het die bril onmiddellik na die verskaffer teruggestuur en 'n kredietnota is aan hulle uitgereik. Dit is nie opgeteken nie.

2. Die insolvente boedel van 'n debiteur, L Bosset, het 40 sent in die rand uitbetaal en op 8 Desember 2019 is R480 direk na die bankrekening van Volkome Visie Beperk oorgeplaas. Die saldo van sy rekening moet nog afgeskryf word.

3. Voorsiening vir oninbare skuld moet tot R2 995 aangesuiwer word.

4. Handelsvoorraad bestaan uit leesbrille en brilhuisies. Die voorraadopnamewaarde van die 200 brilhuisies was R82 000 na die voorraadtelling. Die geweegde gemiddelde vir 'n bril is R543. Volgens die voorraadopname was 90 brille voorhande. Nadat die voorraad getel is, het die eienaar 10 brille met hul huisies aan 'n kinderhuis geskenk.

5. Die maatskappy het hul TWEE direkteure tot 30 Junie 2018 betaal. Hulle verdien dieselfde bedrag. 'n Derde direkteur is op 1 Oktober 2018 teen dieselfde maandelikse tarief as die ander twee direkteure aangestel. Geen direkteursgelde is in die tweede helfte van die jaar betaal nie.

6. Die huuruitgawe is op 1 Desember 2018 met 10% verhoog. Die huur vir Januarie is reeds betaal.

7. Die maatskappy het slegs 80% van die ouditgelde wat vir hierdie finansiële jaar verskuldig is, betaal.

8. Waardevermindering op die voertuig wat verkoop is, is reeds opgeteken. Die waardevermindering op die oorblywende voertuie was R81 400 aan die einde van die finansiële jaar.

   Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op die verminderde saldo. 'n Nuwe verpakkingsmasjien is op 1 September 2018 vir R90 000 gekoop. Dit is behoorlik opgeteken.

9. Rente op die lening is gekapitaliseer maar dit is nog nie in die boeke opgeteken nie.

NEDBANK: Leningstaat op 31 Desember 2018	
Saldo op 1 Januarie 2018	380 000
Rente	?
Terugbetalings aan Nedbank	55 800
Saldo op 31 Desember 2018	365 000

   20% van die lening van Nedbank sal in die volgende 12 maande terugbetaal word.

10. 300 000 nuwe aandele is op 1 Desember 2018 uitgereik en opgeteken. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir die finale dividend nie. 'n Finale dividend van 7c per aandeel is op jaareinde deur die direkteure verklaar.

11. Volkome Visie Beperk skuld SAID 'n verdere R42 500 vir inkomstebelasting.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 4 VERVAARDIGING [33 punte; 20 minute]

Groen Gemaak Vervaardigers produseer selfoonomhulsels wat van herwinde plastiek gemaak word. Dit is 'n klein onderneming wat nog net twee jaar in bedryf is.

Inligting vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018 volg hieronder.

INLIGTING

1. VOORRAAD

	31 Desember 2018	1 Januarie 2018
	R	R
Voorraad plastiekkorrels	15 250	17 450
Goedere-in-bewerking	?	115 556
Klaarprodukte	6 360	5 560
Verbruiksgoedere – Fabriek	1 540	1 060

2. Transaksie-opsomming vir die jaar geëindig 31 Desember 2018:

	R
Aankoop van plastiekkorrels	138 830
Vrag op plastiekkorrels gekoop	4 240
Verbruiksgoedere vir die fabriek gekoop	4 566
Skoonmaakmateriaal vir die kantoor gekoop	2 466
Lone vir die werkers wat die selfoonomhulsels produseer	169 000
WVF – bydraes vir die fabriekswerkers	?
Salaris: Voorman in die fabriek	288 000
Administratiewe personeel	37 800
Verkoopsafdeling	43 400
Water en elektrisiteit	26 400
Diverse uitgawes	46 900

IEB Copyright © 2021

3. Bykomende inligting

(i) Tydens 'n voorraadopname van plastiekkorrels op 30 Desember 2018 is ontdek dat die eindvoorraad verkeerd bereken is. 80 van die sakke was 750 g pakke korrels wat R26 kos; hulle is foutiewelik as 1 kg sakke getel. Alle ander pakke korrels was 1 kg-sakke wat R35 kos. Suiwer die gegewe eind-voorraadsyfer aan.

(ii) Toe korrels aan die verskaffer teruggestuur is, is die vervoerkoste van R840 van die vrag op aankope afgetrek. Die verskaffer het Groen Gemaak Vervaardigers ingelig dat die kontrak bepaal dat indien korrels teruggestuur word, die verskaffer nie die verlies vir vrag dra nie.

(iii) Die loon van Amber Smith, 'n fabriekswerker, is uit die Desember-loonjoernaal weggelaat. Sy het ook 'n Kersbonus van 30% van haar bruto loon ontvang; dit is teen 25% belas. WVF word slegs op die basiese loon toegepas.

	R
Netto loon	8 100
LBS	?
WVF (1% van bruto)	96
Werkgewer dra 1% tot die WVF by.	

(iv) Die water-en-elektrisiteit-rekening word in 'n verhouding van 2:2:1 tussen die fabriek, administratiewe afdeling en verkoopsdafdeling verdeel. Die water en elektrisiteit was op 31 Desember 2018 nog nie betaal nie. Die maandelikse koste het konstant gebly vir die hele jaar.

(v) Die administratiewe afdeling en die verkoopsdafdeling gaan 20% van die diverse uitgawes aan, die res word vir die fabriek gebruik.

(vi) Selfoonomhulsels word teen R105 elk verkoop. Groen Gemaak Vervaardigers gebruik 'n vaste winsgrens van 50% op koste. 'n Totaal van 10 800 selfoonomhulsels is gedurende die finansiële jaar verkoop.

IEB Copyright © 2021